Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A: ARTIKEL

SUID-AFRIKA SE TYLA MAAK GESKIEDENIS MET HAAR MUSIEK!



1 En die wenner is ... Tyla, die meisie van Suid-Afrika!

2 Só het Tyla in 2024 die Grammy-toekenning vir haar treffer, *Water,* gewen. Dit was in die kategorie, Beste Afrika-musiekvertoning. Dit was 'n nuwe kategorie wat vir die eerste keer by die 66ste Grammy's in Los Angeles toegeken is. 'n Ander Suid-Afrikaner, Musa Keys, is ook vir dié prys benoem, maar Tyla het gewen.

3 Tyla Seethal (24) is in 2002 in Edenvale, naby Johannesburg, gebore. Sy is een van vyf kinders. Haar groter familie is van Zoeloe, Indiese, Mauritiaanse en Ierse afkoms.

4 Tyla sê musiek is in haar familie. Sy het van kleins af geweet sy wil eendag 'n sangeres word. Toe sy nog op skool was, het sy naweke na musiekateljees toe gegaan. Daar het sy dan musiek geskryf en opgeneem en gehoop iemand gee haar die kans om haar musiek vry te stel. Sy het haar liedjies op haar *Instagram*-rekening geplaas en dit vir bekende musiekmense gestuur. So het haar eerste bestuurder, Garth von Glehn, haar ontdek en haar gehelp om haar eerste opnamesessie te reël.

5 Suid-Afrikaners het in 2019 van Tyla begin hoor toe sy haar debuut-enkelsnit, *Getting late*, bekendgestel het. Nadat Tyla in dieselfde jaar aan Hoërskool Edenglen gematrikuleer het, het sy vir 'n graad in mynbou-ingenieurswese ingeskryf. Sy het egter nooit hierdie studies voltooi nie, want sy wou eerder sing. Haar ouers, Sharleen en Sherwin Seethal, was aan die begin nie tevrede met hierdie droom van Tyla nie. Later het hulle ingestem dat sy vir een jaar op haar musiek kon fokus en sien waarheen dit haar neem. Vandag is haar ouers haar grootste ondersteuners.

6 Die res is geskiedenis! Met haar energieke persoonlikheid en hope musiektalent het Tyla vir haarself 'n musiekloopbaan begin. In 2021 het Epic Records 'n kontrak met haar geteken. Daarna het die hele wêreld van haar geweet.

7 Alhoewel Tyla ook R&B sing, is popmusiek en amapiano eintlik haar ding. Sy meng dié twee genres en noem dit sommer popiano. In die media staan sy dan ook bekend as die "Queen of popiano". Sy verwys dikwels na Johannesburg in haar liedjies, want dit is waar sy grootgeword het.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

8 Tyla is die eerste Suid-Afrikaanse vrouekunstenaar met 'n album wat meer as eenmiljard keer op *Spotify* gestroom is. *Water* was 'n wegholtreffer. Volgens *Spotify* het mense meer as 600 miljoen keer daarna geluister. Die musiekvideo is meer as 185 miljoen keer gekyk. In 2023 was dit ook die mees gestroomde Afrobeats-liedjie op *Spotify*. Chart Data, 'n organisasie wat inligting gee oor wat mense in die musiekbedryf doen, het hierdie enorme sukses van Tyla op *X* gedeel.

9 *Water* het die toptien in sestien lande gehaal, onder meer Brittanje en die VSA. Dit is ook die eerste liedjie deur 'n Suid-Afrikaanse sanger wat in 55 jaar op die Amerikaanse Billboard Hot 100 verskyn het. Na haar Grammy-toekenning is Tyla ook vir ander toekennings genomineer, onder meer vir 'n BRIT-toekenning en twee Suid-Afrikaanse musiektoekennings.

10 Suid-Afrika was goed verteenwoordig by die 66ste Grammy's. Behalwe Musa Keys is die acapella-groep, Just 6, ook benoem. Trevor Noah, die bekende en geliefde Suid-Afrikaanse komediant, was ook daar. Hy het nie net die Grammy's vir die vierde keer aangebied nie, maar is ook benoem in die kategorie vir die Beste Komedie-album.

11 Zizi Kodwa, toe die Minister van Sport, Kuns en Kultuur, het al hierdie Suid-Afrikaners gelukgewens met hulle deelname en prestasies. Hy sê hulle wys die diverse Suid-Afrikaanse kunstalent vir die hele wêreld. Van Tyla sê hy dat haar groot sukses op so 'n jong ouderdom 'n groot inspirasie vir duisende jong kunstenaars en jong meisies regoor Afrika is.

12 Tyla het Afrika se musiek en dans wêreldwyd gewild gemaak. Dié meisie weet wat sy wil doen en is bereid om hard te werk om dit te bereik. Haar eie droom is om die eerste globale popster van Afrika te wees. Met haar talent en passie vir wat sy doen, is hierdie droom sekerlik binne haar bereik!



[Bron: Maroela Media, *Wikipedia* en *Capital XTRA*]

LET WEL:
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur by elke vraag (1.1.1 tot 1.1.3) EEN woord uit PARAGRAAF 2 in te vul.

Die 66ste Grammy's is in (1.1.1) ... (die jaar) in (1.1.2) ... (stad) gehou. Met haar bekende liedjie, (1.1.3) ..., het Tyla die toekenning vir Beste Afrika-Musiekvertoning ontvang. (3)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.2 Hoe oud is Tyla? (1)

1.3 Tyla is haar ouers se enigste kind.

Haal EEN sin uit die teks aan om te motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Tyla as skoolmeisie reeds sélf dinge gedoen het om met haar sangloopbaan te begin. (2)

1.5 By watter skool het Tyla haar matriek voltooi? (1)

1.6 Lees paragraaf 5.

Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Toe Tyla nie haar studies in mynbou-ingenieurswese voltooi het nie, was haar ouers (1.6.1) (tevrede/ontevrede) daaroor. Nadat Tyla groot sukses met haar sang behaal het, was haar ouers baie (1.6.2) (kwaad vir/trots op) haar. (2)

1.7 Gee TWEE redes waarom Tyla so gou sukses behaal het. (2)

1.8 Waarom pas die bynaam, "Queen of popiano", so goed by Tyla? (1)

1.9 "Die musiekvideo is meer as 185 miljoen keer gekyk." (Reël 38 en 39)

Waarom is dit 'n FEIT? (1)

1.10 Noem TWEE lande waar *Water* die toptien behaal het. (2)

1.11 Noem TWEE dinge wat Tyla en Trevor Noah volgens paragraaf 10 in gemeen het. (2)

1.12 Ons lees in die teks dat Tyla vinnig groot sukses behaal het.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.12.1 2002	A Tyla het vir Garth von Glehn ontmoet.
1.12.2 2019	B Tyla het 'n ooreenkoms met 'n maatskappy aangegaan om haar musiek te bemark.
1.12.3 2021	C Die vrystelling van haar groot treffer in hierdie jaar het vir haar sukses gebring.
1.12.4 2023	D Tyla het met haar eerste eie liedjie in Suid-Afrika sukses behaal.
	E Die Seethal-ouers se dogter is gebore.

(4 x 1) (4)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.13 Waarom kan jy saam met die vorige Minister van Sport, Kuns en Kultuur oor die diverse Suid-Afrikaanse kunstalent opgewonde wees? (Paragraaf 11) (1)

1.14 Dink aan die titel van die teks.

Waarom is dit goed dat die skrywer Tyla se sukses as geskiedenis beskryf? (1)

TEKS B: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: *Pinterest*]

1.15 Kyk na die hele spotprent.

1.15.1 Met watter seisoen word daar in hierdie spotprent gespot? (1)

1.15.2 Gee EEN rede waarom ons so kan sê. (1)

1.16 Kyk na die karakters.

1.16.1 Hoe weet ons dat die seuntjie nie verstaan wat gebeur het nie? (1)

1.16.2 Wat doen die pa wat vir ons wys dat hy verbaas is oor dit wat hy sien? (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.17 Hoe kan ons uit die ander motors aflei dat Attie 'n fout gemaak het om hulle motor daar te parkeer? Noem EEN punt. (1)

1.18 Wat is die doel van 'n spotprent soos hierdie? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

VRAAG 2

Draf is goed vir jou gesondheid, maar daar is altyd dinge om in ag te neem.

INSTRUKSIES

1. Som SEWE **wenke** WAT JY IN GEDAGTE MOET HOU AS JY GAAN DRAF, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

KOM ONS GAAN DRAF!



Daar is verskillende redes waarom mense draf. Hier is 'n paar wenke om in gedagte te hou wanneer jy wil gaan draf.

Jou skoene is belangrik! Jy moet goeie drafskoene kry wat die nodige ondersteuning aan jou voete bied, veral as jy op 'n teerpad gaan hardloop. Dié skoene is duur. Jou drafklere is ewe belangrik. Jy behoort klere te dra waarin jou liggaam kan "asemhaal". Katoen en wol gaan nie vir jou werk nie.

Mense wat draf, ervaar dieselfde uitdagings. As jy in 'n groep draf, is die oefening lekker. Jou liggaam moet aan die draf gewoond raak. Maak dus seker dat jy jou oefensessie nie te vinnig begin nie. Oefening dehidreer jou en jou liggaam kan dan nie op sy beste funksioneer nie. Hoe meer jy oefen, hoe meer water moet jy drink.

Veiligheid eerste! Dis nie wys om alleen of op verlate plekke te draf nie. Kies 'n roete en tyd wanneer daar ander drawwers ook op die pad is. Onthou, jy deel die pad met ander gebruikers. Die algemene reël is om só te draf dat jy verkeer sien aankom. Sypaadjies bly nog die veiligste opsie.

Jy moet vir jouself 'n doelwit stel as jy begin draf. Wanneer jy voel om tou op te gooi, kan jy dalk vir 'n 5 km-pretdraf inskryf. Dit sal jou motiveer om aan te hou oefen.

[Verwerk uit *Kuier*, 7 November 2024, en ander]

TOTAAL AFDELING B: 10

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D

ALL GOLD – NOG STÉÉDS SUID-AFRIKA SE BESTE!

WAT IS 'N MAALTYD SONDER SUID-AFRIKA SE GUNSTELING-TAMATIESOUS?

SLEGS

R80*

Wat 'n WINSKOOP!



SPESIALE AANBIEDING!
Koop EEN 700 mℓ-bottel en kry EEN 250 mℓ GRATIS!
By ENIGE groot supermark!

(3.8)

WEN! WEN! WEN!

(3.5) (Wil jy EEN jaar se voorraad van All Gold Tamatiesous wen) Koop dan enige All Gold Tamatiesous by enige supermark.
Skandeer die QR-kode op jou strokie vir meer (3.9) (inlig)!

* Voorgestelde prys. Pryse kan by verskillende winkels verskil.

[Verwerkte teks]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.1 Volgens die adverteerder is All Gold Tamatiesous die meeste Suid-Afrikaners se eerste keuse.

Haal EEN woord uit die teks aan om dit te bewys. (1)

3.2 Waarom kan ons sê dat hierdie advertensie net sekere winkels bevoordeel? (1)

3.3 Die adverteerder noem die prys van die tamatiesous in die advertensie.

3.3.1 Noem EEN tegniek wat die adverteerder gebruik om die prys uit te lig. (1)

3.3.2 Wat is die doel van die asterisk (*) langs die prys? (1)

3.4 Waarom is dit slim van die adverteerder om vars tamaties saam met die bottel te plaas? (1)

3.5 Verbeter die sin hieronder deur die korrekte LEESTEKEN in te vul. Skryf die hele sin oor en plaas die leesteken op die korrekte plek.

Wil jy EEN jaar se voorraad van All Gold Tamatiesous wen (1)

3.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Die adverteerder gebruik die woorde "WEN! WEN! WEN!" om ...

A die winskoop te verduidelik.
B aandag op die produk te vestig.
C die leser te manipuleer om verder te lees.
D te bevestig dat All Gold al verskeie pryse gewen het. (1)

3.7 Waarom sal NIE almal wat die produk koop, aan die kompetisie kan deelneem NIE? (1)

3.8 Hoe pas die "Trots Suid-Afrikaans"-logo by die etiket op die bottel? (1)

3.9 Gee die SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Skandeer die QR-kode op jou strokie vir meer (inlig)! (1)
[10]


downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E



[Verwerk uit Zits.com]

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

4.1.1 Na watter EEN woord in die sin verwys die ♫♫ in hierdie raampie? (1)

4.1.2 Hoe kan ons **sien** dat Chad nie daarvan hou om die liedjie in sy kop te hê nie? (1)

4.2 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Is dit simpel?

Begin só: Jeremy vra ... (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.3 "Is dit 'n oorwurm?" (RAAMPIE 3)

Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Hierdie "oorwurm" word (4.3.1) (letterlik/figuurlik) bedoel. Dit beteken dat die woorde van die liedjie (4.3.2) (aanhoudend/af en toe) in iemand se kop draai. (2)

4.4 Kyk na RAAMPIE 5.

4.4.1 Wat **doen** Jeremy wat wys dat hy baie geskok is toe hy hoor watter liedjie dit is? Noem EEN punt. (1)

4.4.2 Watter tegnieke word gebruik om Jeremy se woorde in hierdie raampie te beklemtoon? Noem TWEE tegnieke. (2)

4.5 Gee die INTENSIEWE VORM van "kwaad". (1)

4.6 Waarom voel jy nie jammer vir Jeremy in RAAMPIE 6 nie? (1)
[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F: ARTIKEL

KOOP TROTS SUID-AFRIKAANS

Suid-Afrikaners leef in 'n tyd van (5.1.1) (styg) koste. Dit is elke dag 'n stryd (5.1.2) (kos op die tafel sit). Neem nou die (5.1.3) (reg) besluit en koop ons eie produkte. So lewer jy 'n (5.1.4) (negatiewe) bydrae tot ons land se ekonomie.

(5.1.5) (Dit gaan net om produkte wat in groot fabrieke vervaardig word.) Dit help ook met (5.1.6) (werkskepping) vir mense wat vir hulleself werk. Mense met kleiner (5.1.7) (besigheid) wil hê ons moet hulle ondersteun. Dink maar aan die kleremakers (5.1.8) (wie/wat) tradisionele klere maak.

Produkte wat van ander lande af kom, is dikwels (5.1.9) (duur) as ons eie. Dit sluit vervoer en verpakking in. (5.1.10) (Party mense het gedink dis *cool* om baie geld hiervoor te betaal.)

(5.1.11) (Koop ons eie produkte.) (5.1.12) (Dit gaan goed met ons ekonomie. Dit gaan goed met ons mense.) As ons saamwerk**,** kan ons almal (5.1.13) (die/'n) goeie lewe hê. Jy kan trots voel op jouself as jy hiermee help.

[Verwerkte teks]

5.1.1 Gee die TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Suid-Afrikaners leef in 'n tyd van (styg) koste. (1)

5.1.2 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Dit is elke dag 'n stryd (kos op die tafel sit). (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Neem nou die (reg) besluit en koop ons eie produkte. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

So lewer jy 'n (negatiewe) bydrae tot ons land se ekonomie. (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.5 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Dit gaan net om produkte wat in groot fabrieke vervaardig word. (1)

5.1.6 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Dit help ook met (werkskepping) vir mense wat vir hulleself werk. (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Mense met kleiner (besigheid) wil hê ons moet hulle ondersteun. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Dink maar aan die kleremakers (wie/wat) tradisionele klere maak. (1)

5.1.9 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Produkte wat van ander lande af kom, is dikwels (duur) as ons eie. (1)

5.1.10 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Party mense het gedink dis *cool* om baie geld hiervoor te betaal. (1)

5.1.11 HERSKRYF die sin.

Koop ons eie produkte.

Begin só: Jy moet ... (1)

5.1.12 Verbind die TWEE sinne. **Begin** met die woord tussen hakies. Plaas die KOMMA op die regte plek.

Dit gaan goed met ons ekonomie. Dit gaan goed met ons mense. (Wanneer) (2)

5.1.13 Kies die KORREKTE LIDWOORD tussen hakies.

As ons saamwerk**,** kan ons almal (die/'n) goeie lewe hê. (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G: PRENT



[Bron: Eksaminator se eie werk]

5.2.1 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die woord tussen hakies.

Ons sien die ma en pa se *(legs)* onder die tafel. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Ma het die wit tafeldoek oor die tafel gegooi. (1)

5.2.3 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die gesin sit saam aan die (ete + tafel). (1)

5.2.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Die gesin gebruik (borde, messe en vurke). (1)

5.2.5 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die meisie drink 'n (glas) melk. (1)

5.2.6 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Die twee kinders was die skottelgoed (versigtig) (in die kombuis) (na ete). (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: SUID-AFRIKA SE TYLA MAAK GESKIEDENIS MET HAAR MUSIEK!
[Bron: Maroela Media, *Wikipedia* en *Capital XTRA*]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	2024	1
1.1.2	Los Angeles	1
1.1.3	*Water*	1
1.2	24 (jaar oud)	1
1.3	"Sy is een van vyf kinders." *(Geen penalisering indien die sin NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*	1
1.4	• Sy het naweke na musiekateljees toe gegaan. • Sy het op skool al/by die musiekateljees musiek geskryf/opgeneem. • Sy het haar **liedjies op** haar ***Instagram***-rekening geplaas. • Sy het haar liedjies vir bekende musiekmense gestuur. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings uit die teks kan aanvaar word.)*	2
1.5	(Hoërskool) Edenglen	1
1.6.1	ontevrede	1
1.6.2	trots op	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.7	• Sy het 'n energieke persoonlikheid./Haar energieke persoonlikheid/ energiek • Sy het hope/baie musiektalent. *(Of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhaling met TWEE korrekte feite kan aanvaar word.)*	2
1. 8	• Tyla **meng** graag **pop(musiek) en amapiano**. • Tyla is goed/die beste daarmee om **pop en amapiano** te **meng**. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.9	• Daar is bewyse daarvoor. • Dit kan geverifieer word. • Daar is statistiek/data daaroor. • Chart Data is 'n organisasie wat feitelike inligting deel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.10	• Brittanje • (Die) VSA/Amerika *(Die direkte aanhaling word nie aanvaar nie.)*	2
1.11	• **Albei** is Suid-Afrikaners./Tyla/Trevor is **ook** 'n Suid-Afrikaner. • Hulle is **albei** vir Grammy's benoem./Tyla/Trevor is **ook** vir 'n Grammy benoem. • Hulle was **albei** by die (66ste) Grammy-aand./Tyla/Trevor was **ook** by die Grammy-aand. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.12.1	E/Die Seethal-ouers se dogter is gebore.	1
1.12.2	D/Tyla het met haar eerste eie liedjie in Suid-Afrika sukses behaal.	1
1.12.3	B/Tyla het 'n ooreenkoms met 'n maatskappy aangegaan om haar musiek te bemark.	1
1.12.4	C/Die vrystelling van haar groot treffer in hierdie jaar het vir haar sukses gebring.	1
1.13	• Hulle maak my trots om 'n Suid-Afrikaner te wees. • Hulle laat my glo dat Suid-Afrikaanse jongmense sukses in die wêreld kan behaal. • Ek kan glo dat prestasies erken/raakgesien/beloon word. • Elke kind kan ‘n sukses wees. • Dit wys vir die wêreld waartoe Suid-Afrikaners in staat is/wat Suid-Afrikaners kan doen. • Ek glo dat die wêreld nou beter weet wat Suid-Afrika en sy mense is. • Hulle wys dat alle Suid-Afrikaners ongeag ras en kleur gelyke geleenthede kan ontvang. • Dit moedig my aan om my eie talente uit te leef./Hulle is 'n inspirasie vir my. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhaling kan nie gebruik word nie, waardering moet uitgespreek word.)*	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.14	• Die skrywer fokus op al Tyla se hoogtepunte wat opgeteken is/genoem word/beskryf word. • Tyla se sukses is wêreldwyd erken. • Die dinge wat Tyla gedoen het, is nog nie voorheen gedoen nie. • Dit maak nie saak wat in die toekoms mag gebeur nie, dit wat Tyla bereik het, sal altyd onthou word. • Tyla was die eerste Suid-Afrikaanse vrouekunstenaar wat soveel sukses op Spotify behaal het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

TEKS B: SPORTPRENT [Bron: *Pinterest*]	

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.15.1	Somer	1
1.15.2	• Die mense se motor het in die son gesmelt. • Dit lyk of daar nog stoom uit die gesmelte motor kom. • Die mense is op die strand/by die see/swem. • Die son lyk baie warm met die strepies wat daar om is./Die son is (baie) warm./Die son skyn. • Die mense dra swemklere/-kostuums/baaibroeke/min klere/kom nou net van die strand af. • Daar is 'n vrou met 'n sambreel/'n koelboks/'n somersrok aan. • Daar is mense met sambrele. • Daar is mans met kaal bolywe/kortbroeke. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.16.1	• Hy staar net na die gesmelte motor. • Sy lyf is effens agteroor getrek. • Sy oë is groot oop. • Hy hou sy hand teen sy mond/ken./Die seuntjie het sy vinger in/teen sy mond. • Die seuntjie lyk deurmekaar/verward/geskok. • Die seuntjie se wenkbroue is gelig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.16.2	• Die pa wys met sy hand na die motor/se hand is op(gelig)/oop. • (Sy) oë is groot/lyk asof hy dit nie kan glo nie. • Hy kyk/staar (stip) na die motor. • Sy mondhoeke wys afwaarts. • Die pa se wenkbroue is gelig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Wat hy **DOEN**.)*	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	• Die ander motors is nie beskadig nie. • Die ander motors is in die koelte/onder die bome parkeer/parkeer waar dit nie so warm is nie. • Die bome het die ander motors teen die son beskerm. • Attie se motor is die enigste een wat in die son gesmelt het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.18	Om mense ... • bewus te maak van hoe warm dit in Suid-Afrika kan raak • op 'n komiese manier na 'n ongemaklike saak te laat kyk • oor 'n (ernstige) saak in te lig, bv. klimaatsverandering/ aardverwarming • te laat lag • oor die gevare van die son in te lig • bewus te maak van die noodsaaklikheid van die beskerming teen die son *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

TOTAAL AFDELING A: 30

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - Toegewing: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

    Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

Getal woorde:

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming ná die sin waarin die 75ste woord voorkom.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 2

TEKS C: KOM ONS GAAN DRAF!
[Verwerk uit *Kuier*, 7 November 2024, en ander]

DIREKTE AANHALING		EIE SINNE
"Daar is verskillende redes waarom mense draf. Hier is 'n paar wenke om in gedagte te hou wanneer jy wil gaan draf."		
"**Jou skoene is belangrik**! **Jy moet goeie drafskoene kry wat die nodige ondersteuning aan jou voete bied**, veral as jy op 'n teerpad gaan hardloop. Dié skoene is duur. **Jou drafklere is ewe belangrik. Jy behoort klere te dra waarin jou liggaam kan 'asemhaal'**. Katoen en wol gaan nie vir jou werk nie."	1	Kry (goeie/die regte) (draf)skoene wat jou voete ondersteun./Goeie (draf)skoene is belangrik./Jy moet goeie (draf)skoene hê/gebruik/dra/kry.
	2	Dra klere wat jou liggaam laat asemhaal./Moenie in katoen- of wolklere hardloop nie./Die regte klere is belangrik.
"Mense wat draf, ervaar dieselfde uitdagings. **As jy in 'n groep draf, is die oefening lekker.** Jou liggaam moet aan die draf gewoond raak. **Maak dus seker dat jy jou oefensessie nie te vinnig begin nie.** Oefening dehidreer jou en jou liggaam kan dan nie op sy beste funksioneer nie. **Hoe meer jy oefen, hoe meer water moet jy drink**."	3	Draf saam met ander mense/in 'n groep./Jy moet in 'n groep draf./Moenie alleen draf nie./Kry 'n maat.
	4	**Begin** (jou oefensessie) stadig/rustig./Moenie jou oefensessie (te) vinnig **begin** nie.
	5	Jy moet (genoeg) water drink./Drink (meer) water.
"Veiligheid eerste! Dis nie wys om alleen of op verlate plekke te draf nie. **Kies 'n roete en tyd wanneer daar ander drawwers ook op die pad is**. Onthou, jy deel die pad met ander gebruikers. **Die algemene reël is om só te draf dat jy verkeer sien aankom.** Sypaadjies bly nog die veiligste opsie."	6	Draf op 'n roete en 'n tyd wanneer dit veilig is/ander drawwers ook draf./Die roete wat en die tyd wanneer jy draf, is belangrik./Draf op 'n tyd wanneer ander drawwers ook draf./Draf 'n roete waar ander drawwers draf./Jy moet die regte roete en tyd kies om te draf./Moenie draf wanneer en waar dit stil is nie./Moenie alleen draf nie.
"**Jy moet vir jouself 'n doelwit stel as jy begin draf.** Wanneer jy voel om tou op te gooi, kan jy dalk vir 'n 5 km-pretdraf inskryf. Dit sal jou motiveer om aan te hou oefen."	7	Maak seker dat jy aankomende verkeer kan sien./Draf teen die verkeer.
	8	Jy moet doelwitte hê./Stel vir jouself doelwitte./Doelwitte kan jou motiveer om aan te hou./Moenie jou doelwitte vergeet as jy begin draf nie.

TOTAAL AFDELING B: 10

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE
[Verwerkte teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	"gunsteling(-tamatiesous)"/"beste" *(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)*	1
3.2	• Die aanbieding is net van toepassing op groot supermarkte. • Alle winkels is nie by die aanbieding ingesluit nie. • Kleiner winkels is by die aanbieding uitgesluit (en gaan klante verloor). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.3.1	• Die prys is in 'n sirkel/ovaalvorm/raam geplaas. • Dit is in 'n ander lettertipe geskryf. • Dit is in vetdruk/donker geskryf. • Dit staan apart van die ander woorde. • Dit is groter gedruk as die res van die woorde (in die raam). • Die asterisk langs die prys trek aandag. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.3.2	Die doel is om ... • aandag te vestig op die inligting wat later volg/aan te dui dat verdere inligting gegee word. • aan te dui dat die R80 verder verduidelik gaan word. • (die prys) te beklemtoon. • aandag te trek. • aan te dui dat pryse by verskeie winkels mag verskil. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhaling word nie aanvaar nie.)*	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.4	• Die tamaties wys dat dit 'n produk van hoë/goeie kwaliteit is. • Dit wys wat in die bottel is/waarvan die produk gemaak is. • Dit trek visueel die leser se aandag. • Dit maak die advertensie interessant/mooi. • Dit sê vir my meer van die produk/ondersteun/versterk die inhoud van die advertensie. • Dit skep balans in die advertensie. • Dit is van vars/regte tamaties gemaak. • Dit wys dat die tamatiesous vars is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.5	Wil jy EEN jaar se voorraad van All Gold Tamatiesous wen**?**	1
3.6	C/die leser te manipuleer om verder te lees.	1
3.7	• Nie almal het slimfone/selfone wat QR-kodes kan skandeer nie. • Nie almal weet hoe QR-kodes werk nie. • Nie almal het data om die blad oop te maak waarheen die QR-kode jou vat nie. • Jy moet 'n slimfoon/selfoon hê om die QR-kode te skandeer. • Baie mense gooi die strokies weg sonder om daarna te kyk. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8	• Daar is eg Suid-Afrikaanse name/woorde/sleng op die etiket. • All Gold is een van Suid-Afrika se trotsste/beste produkte. • Dit is 'n Suid-Afrikaanse produk/word in Suid-Afrika gemaak. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.9	inlig**ting** *(sp)*	1
		[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk uit *Zits.com*]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1.1	"liedjie" *(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*	1
4.1.2	Chad ... • druk sy vingers teen sy kop. • se oë is groot gerek/wenkbroue is gelig. • se mond is groot oop/glimlag nie. • staar net voor hom uit/kyk nie vir Jeremy nie. • se skouers is opgetrek/lyk ongemaklik. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.2	Jeremy vra (vir Chad) **of** dit/die liedjie simpel **is**.	1
4.3.1	figuurlik	1
4.3.2	aanhoudend	1
4.4.1	Jeremy ... • hou sy hande in die lug/se hande is styfgetrek/se hande is uit/op. • trek sy liggaam terug/beweeg weg van Chad af. • rek sy oë groot oop/se oë is groot (oop). • skree/skel/herhaal "NEE". • se mond is groot oop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.4.2	• Die woorde/Dit ... ○ is in hoofletters/groot letters geskryf. ○ is groot geskryf. ○ word herhaal/meer as een keer onder mekaar geskryf. ○ word met uitroeptekens beklemtoon. • Die uitroeptekens kan as antwoord gebruik word bv. slegs met (!!!) aangedui. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
4.5	smoorkwaad *(sp)*	1
4.6	• Jeremy het ... ○ daarvoor gevra/Chad uitgelok/gevra watter liedjie dit is. ○ vir Chad gelag/gekoggel. ○ aanhoudend vir Chad gevra om vir hom te sê. ○ Chad nie geglo toe hy sê dit is simpel nie. • Chad het net sy vraag beantwoord. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 5.1

TEKS F: KOOP TROTS SUID-AFRIKAANS
[Verwerkte teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	styg**ende** *(sp)*	1
5.1.2	Dit is elke dag 'n stryd **om** kos op die tafel **te** sit.	1
5.1.3	reg**te** *(sp)*	1
5.1.4	positiewe *(sp)*	1
5.1.5	Dit gaan **nooit/nie net** om produkte wat in groot fabrieke vervaardig word **nie**.	1
5.1.6	werk-skep-ping **of** werk+skep+ping **of** werk/skep/ping *(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)*	1
5.1.7	besig**hede** *(sp)*	1
5.1.8	wat	1
5.1.9	duur**der** *(sp)*	1
5.1.10	Party mense **dink** dis *cool* om baie geld hiervoor te betaal.	1
5.1.11	Jy moet **ons** eie produkte **koop**.	1
5.1.12	• **Wanneer** dit goed gaan met ons ekonomie**,** ✓**gaan dit** goed met ons mense. ✓ • **Wanneer** dit met ons ekonomie goed **gaan,** ✓**gaan dit** goed met ons mense. ✓ • **Wanneer** dit met ons ekonomie goed **gaan,** ✓**gaan dit** met ons mense goed. ✓ • **Wanneer** dit goed met ons ekonomie **gaan**, ✓**gaan dit** goed met ons mense. ✓ • **Wanneer** dit goed met ons ekonomie **gaan**, ✓**gaan dit** met ons mense goed. ✓ *(Enige EEN. Let wel: Die kandidaat moet met die voegwoord begin anders verdien die kandidaat geen punte nie. Die woordorde moet in beide sinne korrek wees. Die komma moet die twee sinne korrek verdeel om 'n punt te verdien. Vir 2 punte moet die woordorde en sinsverdeling korrek wees.)*	2
5.1.13	**'n**	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 5.2

TEKS G: PRENT
[Verwerk uit Google Images]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	bene *(Fonetiese spelling word aanvaar)*	1
5.2.2	Die wit tafeldoek **is deur** Ma oor die tafel **gegooi**.	1
5.2.3	ete**ns**tafel *(sp)*	1
5.2.4	• eetgerei *(sp)* • messegoed *(sp)* • eetgereedskap *(sp)* • tafelgereedskap *(sp)* *(Enige EEN)*	1
5.2.5	gla**sie** *(sp)*	1
5.2.6	• Die twee kinders was die skottelgoed **na ete versigtig in die kombuis**. • Die twee kinders was **na ete** die skottelgoed **versigtig in die kombuis**. • **Na ete** was die twee kinders die skottelgoed **versigtig in die kombuis**. • **Versigtig** was die twee kinders **na ete** die skottelgoed **in die kombuis**. • **In die kombuis** was die twee kinders **na ete** die skottelgoed **versigtig**. *(Enige EEN)*	1
		[20]
	TOTAAL AFDELING C:	**40**
	GROOTTOTAAL:	**80**

Kopiereg voorbehou
downloaded from Stanmorephysics.com